Kursus uitkomste:
"Geestelike Lewe" rus die volgeling van Jesus toe met
• **begrip** vir die spiritualiteit van die lewe (INFORMASIE),
• **motivering** om die lewe geestelik te leef (INSPIRASIE), en
• **praktiese wyses** waarop die lewe geestelik geleef kan word (TRANSFORMASIE).

Geestelike Lewe

'n Program oor 40 weke deur Jimi le Roux

Oefeninge vir 'n Jesus-volgeling

Hierdie kursus gaan oor spiritualiteit, daardie dimensie in elke mens wat soek na 'n verhouding met God en wat die lewe wil verstaan vanuit 'n groter, goddelike perspektief. 'n Geestelike lewe is meer as godsdiens, want dit gaan veral oor die geestelike-in-die-gewone-lewe. Die hele lewe is immers 'n geestelike saak! Ons soek na 'n *spiritualiteit-van-die-lewe*. Soos met *Geestelike Vorming*, waarvan hierdie kursus die opvolg is, fokus ons nie net op informasie nie, maar op transformasie. Daarom gee ons baie aandag aan geestelike oefeninge, wat ons kan help om die lewe geestelik te beleef. Die vloei van ons kursus is van aarde na hemel, van liggaam na gees, van natuurlik na geestelik.

Inhoud

DEEL 1: GRONDBEGINSELS
#1 **Spiritus** – *die deuraseming van God*
#2 **Natuur** – *eers natuurlik, dan geestelik*
#3 **Grond** – *die heiligheid van die skepping*
#4 **Skepsels** – *wat die diere ons van God leer*
#5 **Liggaam** –*fisiek geanker in die realiteit*

DEEL 2: SIELSBEGINSELS
#6 **Identiteit** – *om te WEES wie ek is*
#7 **Roeping** – *om te WORD waartoe God my roep*
#8 **Groei** – *om by volwassenheid te kom*
#9 **Emosie** – *om myself te beleef en te beheer*
#10 **Relasie** – *verantwoordelikheid en empatie*
#11 **Seks** – *seksualiteit en spiritualiteit*
#12 **Werk** – *werk en kreatiwiteit as goddelike saak*
#13 **Rus** – *sabbat en genade as geloofsaak*
#14 **Besit** – *die gawe en die gevaar van geld*
#15 **Genot** – *gemaak om te geniet en te waardeer*
#16 **Dankbaarheid** – *die krag van danksegging*
#17 **Lewe** – *die lewe as God se program vir ons*
#18 **Sakrament** – *antieke ritmes en simbole*
#19 **Reformasie** – *die Woord in al sy vorme*
#20 **Charisma** – *die vernuwing van die Gees*

DEEL 3: GEESBEGINSELS
#21 **Vlees en gees** – *die oorkoming van die ego*
#22 **Skadu** – *die donker in ons lewe*
#23 **Vrug** – *die Heilige Gees-lewe*
#24 **Krag** – *Die Heilige Gees-ervaring*
#25 **Leiding** – *die onderskeiding van God se stem*
#26 **Wonders** – *die belewing van wonders en tekens*
#27 **Oorwinning** – *die geestelike stryd*
#28 **Drome** – *die verstaan en uitleg van drome*
#29 **Tale** – *die gawe en uitleg van tale*
#30 **Profesie** – *die gawe en uitleg van profesie*

DEEL 4: GEBEDSBEGINSELS
#31 **Lof** – *die krag van lofprysing*
#32 **Voorbidding** – *die gebed van intersessie*
#33 **Rekonsiliasie** – *belydenis en herstel*
#34 **Belydenis** – *die bevestiging van die waarheid*
#35 **Geloof** – *die oorkoming van vrees*
#36 **Meditasie** – *die bepeinsing van die Woord*
#37 **Oorgawe** – *die krag van aanbidding*
#38 **Kontemplasie** – *die gebed van stilte*
#39 **Gemeenskap** – *eenheid met God*
#40 **Liefde** – *die doel van alles*

© 2013 Jimi le Roux | **www.jimileroux.com** | Alle regte voorbehou – geen kopiëring, duplisering of verspreiding toegelaat.

Voorwoord

Twintig of dertig jaar gelede is voorspel dat godsdiens op pad uit is, soos die wetenskap genoegsaam geag is om die wêreld te verklaar en te beheer. Dit gebeur wel vandag dat die amptelike kerke verliese aan lidmate ly, maar **die mens se behoefte aan ‘n verhouding met God** – of ten minste aan die goddelike of transendente – **het geensins afgeneem nie**. Die wetenskap kan net tot op ‘n punt sin aan ons lewe gee en beweeg self, bv. in die kwantumfisika, in ‘n gebied in wat die rasionele verstaan van dinge toets en oorskry. **Vandag word aanvaar dat elke mens ‘n *spiritualiteit* het** – m.a.w. ‘n dimensie **wat probeer sin maak van alles deur dit in verband te bring met die transendente werklikheid**. Vir gelowiges is daardie werklikheid God, maar ook ongelowiges het ‘n spiritualiteit van hulle eie: dinge wat hulle glo en die aanvaar van een of ander doel in die lewe. Daar is altyd die behoefte om die self as enigste verwysingspunt te oorkom. As ons ‘n kursus oor spiritualiteit daarstel, wil ons dit soos volg afbaken:

Holisties-Christelike spiritualiteit

Aangesien spiritualiteit (en *spirituele* – ‘n woord wat ek vermy – *begeleiding* of “Spiritual Direction”) so ‘n algemene saak is, het daar **‘n algemene spiritualiteitslering ontstaan wat nogal versoenbaar is met alle godsdienste, of selfs met ongelowiges**. Dit het breedweg te doen met die oorkoming van die ego, die uitleef van liefde, die leef van ‘n verantwoordelike lewe in die wêreld en die belewing van eenheid met die goddelike. Alle godsdienste streef dit na. Ek wil hiervan wegskram en fokus op ‘n Christelike spiritualiteit. **Ons eie geloof deel oor al daardie sake op ‘n wonderlike manier, en ons wil eerder ‘n wesenlik Bybelse spiritualiteit daarstel**, wat hoogstens geïnformeer kan word deur wat ook elders bevind is. Ons is Christene en stel maar net belang in ‘n absoluut Christelike en Christusgesentreerde lewenswyse.

In ooreenkoms met Christian Schwartz se sg. *Trinitariese Mode*l van Christelike spiritualiteite (sien www.ncd-international.org) wil ons **onderskei tussen drie breë spiritualiteite in die Christelike kerk**:

- **die liturgiese en kontemplatiewe benadering**, bv. in die Katolieke, Ortodokse en Anglikaanse Kerk,
- **die reformatoriese en evangeliese benadering** van die Protestantse kerke, en
- **die charismatiese, vernuwende benadering** van die Pinksterkerke en Charismatiese beweging.

Schwartz ken ‘n fokus toe van God die Vader aan die eerste een, van God die Seun aan die tweede en van God die Gees aan die derde. Hy voel al drie was nodig en sy benadering is in daardie sin trinitaries. Die werk van die Here op aarde is veral in die sentrum van hierdie drie bewegings (wat oorvleuel) te vinde en nie soseer op die periferie nie. **Ons wil ook in ons spiritualiteit die beste uit elke tradisie neem** en nie die fout maak nie om stelling in te neem in een hoek en alles wat nie met ons eng standpunt ooreenstem nie, te verwerp. Dit sou vermetel wees. **Ons vertrekpunt is reformatories-evangelies, en ons reis is na die charismatiese en die kontemplatiewe**. Op die wyse inkorporeer ons ‘n holisties-Christelike spiritualiteit.

Praktiese spiritualiteit

Spiritualiteit is wesenlik prakties, nie teoreties nie. Natuurlik is daar ‘n teologie agter die toepassing, maar die post-moderne behoefte is nie na *ortodoksie* (reg glo) nie, maar na *ortopraksie* (reg doen). **Spiritualiteit behels ‘n perspektief, maar word uitgespeel in die praktyk. Dit is ‘n lewenswyse. Dit maak sin van, dit *reframe*, die gewone lewe**. Ons kursus wil ook uit en uit op die praktyk afstuur en ons doen dit in elke deel soos volg:

- ons begin met ‘n Skrifgedagte, waaruit ons bespreking vloei;
- ons verskaf die nodige INFORMASIE wat ook ten doel het om aan ons wat die tema betref INSPIRASIE te verskaf. Daar is ook ‘n gedeelte met addisionele inligting vir die wat meer wil weet;
- ons fokus is op geestelike oefeninge wat die beginsel in ons lewe kan vaslê en ons deur herhaling daarby kan bring om ‘n geestelike lewensbeskouing te ontwikkel. Ons wil TRANSFORMASIE beleef.

As geregistreerde lewensbegeleier (*life coach*) is die doen van (geestelike) oefeninge vir my juis belangrik, aangesien die transformerende waarde daarvan ‘n bewese saak is. Ons leer deur te doen.

Jimi le Roux

Die groen en pers van laventel, en die skoonheid, geur, gehardheid en gebruike waarvoor die blom so bekend is, sal ons by ons uitleg inspireer.

© 2013 Jimi le Roux | **www.jimileroux.com** | Alle regte voorbehou – geen kopiëring, duplisering of verspreiding toegelaat.